

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!!**

## Parashah 20: *Tetzaveh* – Gee Opdrag

*Jy moet die kinders van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestamppte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê. Ex. 27:20 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 27:20 tot 30:10.

**Haftorah:** 1Sam. 15:2 tot 43.

**Nuwe Verbond:** Joh. 1:29; Rom. 12:1; 1 Kor. 15:31; Heb. 5:1 tot 10; 7:26 en 27; Heb 12:14; Heb. 13:10 tot 17; 1 Pet. 1:15, 16 en 19; Open. 5:8 tot 10; Open. 8:3 en 4.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 20 wat afgelaai kan word by:  
[http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*The world is a dangerous place to live; not because of the people who are evil, but because of the people who don't do anything about it – Albert Einstein.*

*Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance — George Bernard Shaw.*

*We cannot see light, but we must have light to truly see. Yeshua Messiah is the Light by which we truly see the will of יהוה – Anonymous.*

*There are two ways of spreading light: to be the candle or the mirror that reflects it – Edith Wharton'*

## Torah Bespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing (*Terumah*) het elkeen wat deel van Yisra'el was die geleentheid gehad om volgens sy verstand, wil en emosie 'n bydrae te lewer tot die bou van

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

die tabernakel. Dit moes 'n vrywillige en vreugdevolle bydrae wees – 'n bydrae volgens hartsbegeerte, naamlik om aan יהוה te gee sonder om die kosteberekening te doen!!

'n Vreugdevolle gewer gee uit liefdevolle dankbaarheid vir dit wat Vader-God reeds gedoen het, asook sonder die verwagting van 'n materiële opbrengs, maar wel in die verwagting van 'n geestelike opbrengs. Want dit was die belofte van die vrywillige bydrae tot die bou van die tabernakel, naamlik dat יהוה-God in hulle midde sou kom woon het (Ex. 25:8). God ontvang graag dit wat met 'n gewillige en vrygewige hartsgesindheid gegee word. Sha'ul herinner ons ook daaraan in 2Kor. 9:7.

Elkeen gee soos hy besluit het in sy verstand, wil en emosie, nie treurig of uit verpligting nie, want God het 'n vreugdevolle gewer lief.

Hierdie beginsel van gee, moet in die hart van elkeen gevestig wees wat deur wedergeboorte van die sondeskuld bevry is en as onpartydig en opreg lewe, naamlik gehoorsaam aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Omdat ons skuldvry verklaar is, gee ons uit dankbaarheid en met vreugde terug aan God dit wat Hy van ons elkeen vra. Ons gee sodat God ook in ons midde kan woon – kan tabernakel!

### **'n Huis en 'n Huishouding**

Die bou van die tabernakel neem ons terug na die die eerste letter van die eerste woord van Torah, naamlik die *bet* van die woord *B'reisheet* (Gen. 1:1 – *In begin...*). Die letter *bet/vet* (ב) beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus 'n sinnebeeld van 'n huis en 'n huishouding en van die Vader van die huis, asook van 'n koning en 'n koninkryk.

Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van יהוה en dus op die tabernakel en later die tempel. Daarom is die tabernakel 'n afbeelding van die huis en die huishouding van Vader-God. Hiervolgens is dit dus duidelik dat dit van die begin af יהוה se bedoeling en begeerte was om hier op aarde 'n huishouding (koninkryk) met kinders te skep waarvan Hy die Hoof (Vader en Koning) is. Die gebed wat Yeshua ons geleer het om te bid, bevestig dit (Luk. 11:2-3).

<sup>2</sup> Hy sê vir hulle: “Wanneer julle bid, sê: Ons Vader wat in die hemel is,

<sup>3</sup> U Karakter en Outoriteit bly afgesonderd; laat U Koninkryk kom; laat U besluite uitgevoer word, net soos in die hemel, so ook op die aarde; gee vir ons elke dag dié brood wat ons nodig het.

יהוה se huis en huishouding is een waar ordelikheid gehandhaaf word, beskerming teen die dief gevind kan word en waar lewe in oorfloed in Yeshua beskikbaar is (Joh. 10:10)! Yeshua is aangestel oor hierdie huis van God (Heb. 3:1-6) en Hy het onder ons kom woon as God se tabernakel (Joh. 1:14) om as voorbeeld te dien van 'n lewe van onpartydige opregtheid.

Omrede die letter *bet* die tweede letter van die Hebreeuse alfabet (*alephbet*) is, word dit ook met die boek Exodus (*Sh'mot*) verbind, want Exodus is die tweede boek van Torah en dit gaan grootliks oor die bou van 'n huis (tabernakel) en die vestiging van 'n huishouding, naamlik die huis van Yisra'el bestaande uit die twaalf stamme.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Daar is nie meer 'n tabernakel of 'n tempel nie, want ons is nou die tempel (tabernakel) van God waarin die Gees wat Afgesonder is woon (1Kor. 3:16; 2Kor. 6:16). Hoewel

elkeen afsonderlik 'n tempel van God is, moet ons huis en ons onderlinge byeenkomste ook 'n tempel wees! Die “bou” van die tempel begin by die individu en word dan uitgebrei na die huishouding en dan na die gemeente en laastens na die samelewing (die gemeenskap). Geld dieselfde instruksies, met die klem op die geestelike betekenis, steeds vir die bou en die onderhoud van hierdie tempel, asook vir die dienswerk wat daarin verrig moet word?

2. Ons Arikanervolk het sedert April 1652 die geleentheid gehad om יהוה se Torah te gehoorsaam en om van hierdie land 'n “tabernakel” te maak waar יהוה in ons midde kon woon. Het ons geslaag? Het dit nie tyd geword om te erken dat die Christendom in hierdie land, en in hierdie opsig, misluk het nie? Is dit tyd vir ernstige selfondersoek en tyd om op te hou kla en vinger na ander te wys? Elkeen van die groot meerderheid van die burgers van hierdie land beskou hulself as Christene en as gehoorsaam aan die landswette. Maar terselfdertyd verag hulle die hoogste wet wat daar is, naamlik die Torah van יהוה-God! Hoe kan ons as volk dan ontsteld wees oor die oordeel van God vir ons ongehoorsaamheid?

### **In U Lig Sien ons die Lig**

In die openingswoorde van hierdie week se Torahskriflesing is die opdrag met betrekking tot die olyfolie vir die goue kandelaar, naamlik dat die seuns (kinders) van Yisra'el suiwer uitgestampte olyfolie na Mosheh moes bring.

**20** Jy moet die seuns van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê.

**21** In die Tent van Ontmoeting, buitekant die verdelingsgordyn wat voor die Getuienis is, moet Aharon en sy seuns dit regmaak om voor die Teenwoordigheid van יהוה te brand, van die aand tot die oggend toe. Dit sal vir die seuns van Yisra'el 'n ewige instelling in hulle geslagte wees. Ex. 27:20-21.

Let daarop dat die hele Yisra'el verantwoordelik was vir die bring van die suiwer uitgestampte olyfolie, en nie net sommige of 'n uitgesoekte groepie nie! Elkeen van Yisra'el is dus verantwoordelik vir die vervaardiging van die suiwer olyfolie en om dit dan na Mosheh te bring wat dit aan Aharon gegee het vir gebruik in die goue kandelaar.

Die olyfolie as sulks was nie die lig nie, maar wel die energiebron van die lig. Dit het al die elemente bevat om te ontbrand wanneer dit aan die brand gesteeke was sodat dit die Afgesonderde van die tabernakel kon verlig.

Torah kan vergelyk word met die suiwer uitgestampte olyfolie wat deur יהוה se vuur – die Afgesonderde Gees – aan die “brand gesteeke” word om die Lig te wees waarin ons wandel.

U boodskap is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad. Ps. 119:105.

want die opdragte is 'n lamp en die instruksies 'n lig en die teregwyding wat dissipliner is die pad tot lewe. Spr. 6:23.

Die enigste lig in die Afgesonderde Plek van die tabernakel was afkomstig vanaf die goue kandelaar wat uit een stuk suiwer goud gemaak was. Net so is die Torah van יהוה suiwer, want dit is die waarheid (Joh. 17:17). En soos die kandelaar uit een stuk suiwer goud gemaak is deur smee werk en dus 'n eenheid vorm, net so vorm die Torah van יהוה 'n eenheid van Genesis tot Openbaring.

Die goue kandelaar is ook 'n sinnebeeld van Yeshua wat die Lig van die wêreld is. Elkeen wat in Sy voetspore loop, sal die Lig van die lewe vind.

Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Lig van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind” Joh. 8:12.

Die goue kandelaar is ook 'n sinnebeeld van die Lig van die Afgesonderde Gees. Slegs in Yeshua kan die Afgesonderde Gees die volle potensiaal in die gelowige se lewe bereik om elkeen te leer en te lei. Soos Yeshua gesê het:

maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:26.

Gevul met die brandende olyfolie van die Afgesonderde Gees, sal ons ook die lig vir hierdie donker wêreld wees. Daarom het Yeshua gesê:

Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring. Matt. 5:16

Ons moet soos suiwer uitgestampte olyfolie wees sodat ons in Yeshua, en met die “vuur” van die Afgesonderde Gees, die lig vir hierdie wêreld kan wees.

Ons kan slegs olyfolie voortbring indien ons deel is van die mak olyfboom wat Yisra'el simboliseer (Romeine hoofstuk 11). As wilde olyftak word ons ingeënt op die mak olyfboom en kry sodoende deel aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom wat יהיה simboliseer (Rom. 11:17). Elke olyftak groei uit die stam van die olyfboom wat Yeshua verteenwoordig en wat deur die wortel gevoed word. Op dié wyse lewer elke tak, naamlik elke gelowige in Yeshua wat getrou volgens Torah lewe, 'n olyfoes wat tot suiwer uitgestampte olyfolie verwerk kan word.

Dit is hierdie olyfolie waarmee die vyf wyse maagde hulle lampe gevul het (Matt. 25:1-13). Hierdie is die olyfolie wat deur vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde Een en deur Torahgehoorsaamheid voortgebring word, en wat ons lampe brandend sal hou tot die Bruidegom kom, sodat ons saam met Hom sal kan ingaan na die bruilof. Diegene sonder hierdie olyfolie sal uitgesluit word, want die Bruidegom sal aan hulle sê: ‘Dit is waar, ek sê vir julle, ek het nie 'n verbondsverhouding met julle nie.’ (Matt. 25:12).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Olyfolie word gebruik om mense mee te salf. So lees ons byvoorbeeld dat die priesters tydens die wydingeremonie met olie gesalf was (Ex. 28:41; Ex. 29:7). In Jak. 5:14 is die opdrag om die siekes met olie te salf voor daar vir hulle vir genesing gebid word. Is dit belangrik om te weet watter ‘tipe olyfolie’ die persoon wat die salwing doen, voortbring? Anders gestel: Is jy bereid om gesalf te word deur 'n persoon wat doelbewus Torah ongehoorsaam is? Is satan nie ook die voorsiener van onsuiver olie nie – olie wat in voorkoms soos olyfolie lyk?
2. Vulling met die Afgesonderde Gees is 'n voortdurende proses. Net soos die olie vir die goue kandelaar voortdurend voorberei en aangevul moes word, so moet ons ook voortdurend 'n nuwe aanvulling van die Afgesonderde Gees ontvang. Ons kan ook nie

bekostig om op te hou om suiwer uitgestamde olyfolie ‘te produseer’ nie. Ons ‘produseer’ olyfolie wanneer ons met vaste vertrouwe in Yeshua Torahgehoorsaam leef.

3. Die goue kandelaar het daaglikse versorging nodig gehad. Dit moes nie net van ‘vars’ olie voorsien word nie, maar die pit van elke lamp moes ook gereeld gesny word ten einde te verseker dat die lamp helder brand. Ons ontberinge, vervolging en lyding is dikwels die wyse waarop ons lamp versorg word sodat die Lig van Yeshua in en deur ons helderder kan skyn en ons toenemend gelykvormig aan Yeshua kan word.

### **Tot Eer en Lof en tot Versiering**

Vir die eerste keer in ons Torahstudie word daar opdrag gegee aangaande die kleredrag van ‘n bepaalde persoon en groep van persone. Avraham, Yitz’gak, Ya’akov en Mosheh was almal toegewyde diensknegte van die Allerhoogste en tog word daar nooit na hulle kleredrag verwys nie. Hulle sou dus nie aan hulle kleredrag herken kon word as in diens van יהוה nie. In die geval van die hoofpriester en priesters is dit anders, want aan hulle kleredrag sou hulle herken word, asook daarvolgens respekteer word, dat hulle in diens van God is. Vir die priesterdom moes daar afgesonderde (heilige) klere gemaak word wat tot eer en lof en tot versiering moet dien.

<sup>1</sup> Vat nou jou broer Aharon en sy seuns saam met hom, uit die seuns van Yisra’el sodat hy My kan dien as priester: Aharon en die seuns van Aharon: Nadav, Avihu, El’azar en Itamar.

<sup>2</sup> Jy moet vir jou broer Aharon afgesonderde klere maak, tot eer en lof en tot versiering. Ex. 28:1-2.

Eerstens, en baie belangrik, is om te verstaan dat hoewel God ook gesteld is op ons uiterlike voorkoms, is Hy meer gesteld op wat in die mens se hart is. So byvoorbeeld lees ons dat Sh’mu’el aanvanklik gedink het dat Eli’av in die plek van Sha’ul as koning gesalf moet word. Maar dan lees ons in 1Sam. 16:7 die volgende.

יהוה sê egter vir Sh’mu’el: “Moenie na sy voorkoms of sy lang gestalte kyk nie, want Ek het hom verwerp, want God kyk nie soos wat die mens sien nie, want die mens kyk na die uiterlike voorkoms, maar יהוה kyk na die verstand, wil en emosie.”

Yeshua het ook die skrifgeleerdes en Fariseërs aangespreek oor hulle uiterlike vertoon wat nie ooreenstem met wat in hulle harte is nie:

<sup>27</sup> Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle is net soos wit gekalkte grafte wat van buite af mooi lyk, maar van binne vol dooies se bene en alle korrupsie is

<sup>28</sup> en net so lyk julle ook wel onskuldig van buite vir die mense, maar van binne is julle wetteloos en toneelspelers van vals karakters. Matt. 23:27-28.

Uiterlike voorkoms kan dus ‘n wyse wees om ‘n vals indruk by mense te skep. Dit kan dien om dit wat in die hart is, asook om Torah ongehoorsaamheid, weg te steek! Ons sien dit byvoorbeeld in die geval van Adam en Eva:

Toe gaan altwee van hulle se oë oop en hulle besef dat hulle kaal is. Hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle lendebedekkings gemaak. Gen. 3:7.

In die lig van bogenoemde is die vraag: Waarom gee יהוה dan opdrag dat die hoofpriester en priesters met afgesonderde klere beklee moet wees?

Eerstens is dit belangrik om te verstaan dat die afgesonderde klere van die priesterdom nie tot eer en lof en tot versiering van die mens was nie, maar wel tot יהוה, want 'n hoofpriester en priester verteenwoordig die mens in die teenwoordigheid van God. Verder is dit ook belangrik om te verstaan dat die hoofpriesters en priesters aangestel word op grond van geboorte. Aanvanklik is Aharon as hoofpriester deur God gekies, maar uit sy nageslag was toekomstige hoofpriesters aangestel. Die Leviete is aanvanklik deur God as priesters gekies en uit hulle nageslag is die bediening van die priesters voortgesit. Elke hoofpriester en priester was opgelei om dienswerk te verrig waarna hulle by wyse van 'n sewedag seremonie aan God toegewy was.

Net so het יהוה vir Yeshua as 'n nie-Levitiese Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek aangestel as die finale hoofpriester. Die Levitiese priesterorde het dus met die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal tot 'n einde gekom. Die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek van die nuwe verbond word, deur vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde van God tot sondevergifnis, deur wedergeboorte aangestel om dienswerk te verrig. Kefa bevestig dit in 1Pet. 2:9-10 toe hy gesê het:

9 Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,

10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.

Daarom moet ons ook as priesters afgesonder en opgelei word vir die bediening van 'n priester. Yeshua is ook Koning en daarom is ons priesters van die Koningshuis, maar met die taak om beide die Koning en die mense te dien. Die taak van die priester word opgesom deur die profeet Mal'akhi:

6 Ware instruksie was in sy mond en partydigheid en onreg is nie op sy lippe gevind nie; hy het in vrede en opregtheid saam met My geloop en hy het baie mense teruggedraai van onregverdigheid af,

7 want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva'ot. Mal. 2:6-7.

Maar kom ons keer terug na die instruksies vir die kleredrag van die Levitiese priesterorde en hoe dit van toepassing is op die priesterorde van die nuwe verbond, naamlik dié van Malki-Tzedek. Dit kan ondermeer soos volg verduidelik word:

Eerstens was die doel van die afgesonderde klere om die priester aan sy priesteramp te herinner en was dit dus 'n voortdurende herinnering aan יהוה se Torah. Die wit kleredrag is 'n sinnebeeld van reinheid en vlekkeloosheid, naamlik van God se onpartydige opregtheid en van gehoorsaamheid tot afgesonderdheid (heiligmaking). Soos יהוה in Lev. 20:7 beveel het:

7 Sonder julleself af en wees afgesonderd, want Ek is יהוה, julle God.

8 Hou My reëls en doen dit. Ek is יהוה, wat julle afsonder.

Dit was onder die ou verbond die vereiste alvorens 'n priester sy dienswerk kon verrig. Daarom lees ons in Ex. 28:43 die volgende:

Aharon en sy seuns moet dit aanhê as hulle in die Tent van Ontmoeting ingaan, of as hulle naby die altaar kom, om in die Afgesonderde plek te bedien sodat hulle geen skuld dra en sterf nie. Dit is 'n ewige voorskrif vir hom en vir sy nageslag ná hom.

En dit is steeds God se opdrag in die nuwe verbond (1Pet. 1:15-16)! Wanneer ons geklee is met יהוה se onpartydige opregtheid in Yeshua is ons as priesters 'n eer en 'n lof en 'n versiering vir God. Dan is ons geskik om dienswerk in Sy Koninkryk te verrig.

Die kleredrag van die priesters van die Malki-Tzedek priesterorde is 'n sinnebeeld van die gelowige in Yeshua wat geklee word met die onpartydige opregtheid van יהוה – die beeld van 'n bruid geklee in 'n vlekkelose kleed.

Aharon as hoofpriester was 'n sinnebeeld van Yeshua, ons Ewige Hoofpriester. Die kleredrag en bybehore van die hoofpriester was ondermeer 'n sinnebeeld van Yeshua wat die Middelaar tussen יהוה en die mens is.

11 maar dié Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie.

12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,

Die kleredrag van die hoofpriester het getuig van יהוה se liefde vir Sy volk, want hy het Yisra'el se belange op sy skouers gedra soos deur die skouerkleed met twee skouerstukke uitgebeeld was (Ex. 28:6-12) en dit in sy hart (verstand, wil en emosie) gedra, soos deur die borsplaat met edelstene uitgebeeld word (Ex. 28:13-29). Hierdie is sinnebeelde van die rol en dienswerk wat Yeshua gedoen het en steeds doen!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die twee gesteentes van die skouerstukke en die 12 gesteentes van die borstas het die name van die twaalf stamme van Yisra'el bevat. Hoe is dit verwant aan die 12 stene van die nuwe Yerushalayim en die stene van die 12 poorte van die stad (Open. 21:12-14, 19-21)? Waar is die gesteente wat die kerk verteenwoordig of is daar nie een nie? Lees Efes. 2:11-19; Heb 4:16, Heb. 9:8-12; Gal 3:7, 9, 28-29.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*